**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. : 5957/2005

In die saak tussen:-

**LOUISA JUSTINE WARD** Eiseres

en

**DIE PADONGELUKKEFONDS** Verweerder

---

**CORAM:** MALHERBE RP

---

**AANGEHOOR OP:** 13 EN 14 MAART 2007

---

**UITSPRAAK DEUR:** MALHERBE RP

---

**GELEWER OP:** 29 MAART 2007

---

Eiseres vorder skadevergoeding "in haar persoonlike hoedanigheid as moeder en natuurlike voog" van haar minderjarige seun, Stefan Ward, voortspruitende uit 'n botsing waarin hy betrokke was op 17 Mei 2002. Stefan was toe 16 jaar oud en het met sy 125 cc

motorfiets gebots met 'n Ford bakkie wat bestuur is deur 'n sekere Mnr. Wessels. By die aanvang van die verrigtinge het die partye versoek dat slegs die kwessie van die beweerde nalatigheid van die onderskeie bestuurders nou beslis word en dat die *quantum* van die skade oorstaan. Ek het so gelas ingevolge Hofreël 33(4).

Meeste van die feite van hierdie saak is gemenesaak of word nie betwis nie. Hierdie feite is die volgende:

(i) Van der Lingenstraat in Bothaville loop van suid na noord en word gekruis deur Presidentstraat wat van oos na wes loop. Beide hierdie strate is teerstrate waarvan die oppervlakte droog en gelyk was die betrokke aand.

(ii) Hierdie kruising word deur verkeersligte beheer wat die betrokke aand in werkende toestand was.

(iii) Beide strate het twee bane vir verkeer in beide rigtings.

(iv) Op die betrokke datum om ongeveer 18h45 het Stefan met sy motorfiets van suid na noord gery in Van Der Lingenstraat. Sy motorfiets se hooflig was aan en hy was van plan om reguit deur die kruising te ry. Toe hy die kruising nader, was die verkeerslig vir hom groen. Hy was in die regterbaan.

(v) Terselfdertyd was Wessels in aantog met sy bakkie in die

teenoorgestelde rigting, d.w.s van noord na suid. Sy bakkie se ligte was ook aan. Hy het ook in die regterbaan gery en was van voorneme om by die kruising regs te draai, d.w.s na wes, in Presidentstraat. Die bakkie se flikkerlig na regs was aan. Wessels het spoed verminder toe hy die draaipunt in die kruising nader. Die verkeerslig was vir hom ook groen.

(vi) In die kruising was daar ‘n botsing tussen die motorfiets en die bakkie en is Stefan beseer.

Die kerngeskilpunt tussen die partye is waar die botsing plaasgevind het: Was dit aan Stefan se korrekte kant van die straat soos hy getuig of aan Wessels se korrekte kant soos hý getuig? Namens eiseres het Stefan getuig asook ‘n voormalige skoolmaat van hom, Lodewikus Kriel.

Stefan en Lodewikus en nog ‘n maat van hulle, Willie Steenkamp, was kort voor die botsing by ‘n kafee in Van der Lingenstraat wat ongeveer 150 – 200 meter suid van die kruising met Presidentstraat geleë is. Kriel was ‘n passasier op Steenkamp se motorfiets terwyl Stefan alleen met sy motorfiets gery het. Na hulle inkopies vertrek die seuns noordwaarts in Van der Lingenstraat oppad na Stefan se huis. Stefan het voor gery en volgens Kriel het hy en Steenkamp ongeveer 30 – 40 sekondes na Stefan vanaf die kafee vertrek. Hy het nie die botsing gesien gebeur nie. Toe hulle die kruising nader, het daar mense vanuit ‘n eetplek (The Barn) van regs na links gehardloop oppad na waar Stefan en sy motorfiets aan die linkerkant noord van die kruising gelê het. Hy toon op die sketsplan (bewysstuk “A”) aan dat Stefan by punt X gelê het, sy motorfiets by punt Y en dat daar in die omgewing van Z ‘n area was waarin beskadigde stukke van die motorfiets gelê het. (In die getuienis is daarna verwys as “rommel”.) Aldrie hierdie punte word aangetoon in die omgewing van die noordwestelike hoek van die kruising.

Stefan se getuienis sluit aan by dié van Kriel. Hy getuig dat hy bewus was van die bakkie toe hy die kruising nader, gesien het dat die bakkie die kruising nader, dat sy regter flikkerlig aan was en dat dit spoed verminder. Hyself het nie spoed verminder nie maar aangehou ry teen ongeveer 40 – 50 kilometer per uur. Hy het aanvaar dat die bakkie vir hom sou wag om deur die kruising te ry. Toe hy omtrent in die middel van die kruising was, draai die bakkie regs teen hom vas. Die regterkant van sy motorfiets is beskadig en sy regterbeen is beseer. Hy dui die punt van botsing by punt X1 op bewysstuk “A” aan, d.w.s. aan sy korrekte kant van die straat.

Wessels was op sy beurt ook bewus van die aankomende twee motorfietse toe hy die kruising nader. Hy getuig dat toe hy reeds baie stadig gery het en op die punt was om te stop voordat hy na regs draai, hy ‘n voertuig van links na regs, d.w.s van oos na wes, die kruising sien nader het teen so ‘n spoed dat hy bevrees was dat die voertuig nie betyds by die rooi verkeerslig gaan stilhou nie. Terwyl hy nog na links gekyk het, het hy ‘n slag gehoor. Hy het nie dadelik besef wat gebeur het nie. Toe hy omkyk, sien hy die motorfiets lê regs agter die bakkie. Intussen het die verkeerslig vir hom na rooi verander, hy het sy draai na regs voltooi in Presidentstraat, gaan stilhou en gaan hulp verleen by Stefan. Hy getuig dat sy bakkie se regter modderskerm, die regter flikkerlig voor sowel as die regterkantse truspieëltjie beskadig was. Die bakkie was parallel met die denkbeeldige middellyn van Van der Lingenstraat ten tyde van die botsing – trouens die wiele was nog hoegenaamd nie na regs gedraai nie, volgens hom. Hy plaas die punt van botsing ongeveer 30 cm aan sy korrekte kant van die straat.

Nie een van die getuies het ‘n noemenswaardige beter of swakker indruk in die getuiebank gemaak as die ander nie. Die twee weergawes voor die Hof met betrekking tot die punt van botsing, is teenstrydig met mekaar. Eiseres dra die bewyslas om die Hof te oortuig dat haar weergawe meer waarskynlik is as dié van verweerder.

Stefan het voorrang gehad in die kruising. Hy was geregtig om te

aanvaar dat Wessels nie oor sy baan sou beweeg voordat hy nie veilig by die bakkie verby is nie. Stefan het geen rede gehad om na regs te beweeg nie. Op sy eie weergawe was Wessels van plan om regs te draai en het hy na links gekyk, d.w.s. weg van Stefan af, terwyl sy bakkie nog nie stilstaande was nie. In daardie omstandighede kom dit vir my verreweg meer waarskynlik voor dat Wessels as't ware voor Stefan ingery het as dat Stefan vir geen rede nie na regs sou beweeg het. Ek meen derhalwe dat Wessels nalatig was, onder andere, soos gepleit is in paragrawe 6.8 en 6.9 van die Besonderhede van Vordering.

Na my mening het verweerder nie daarin geslaag om te bewys dat Stefan bydraend nalatig was nie.

Gevolglik word die volgende bevel uitgereik:

1. Die nalatigheid van die versekerde bestuurder, Mnr. Izak Adriaan Wessels, was die uitsluitlike oorsaak van die betrokke botsing.

2. Verweerder is aanspreeklik vir die koste van geding tot dusver.

**J.P. MALHERBE, RP**

Namens die eiseres: Adv. J. Gilliland
In opdrag van:
Rossouws Prokureurs
BLOEMFONTEIN

**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**

| | |
|---|---|
| Namens die verweerder: | Adv. Mokoena<br>In opdrag van:<br>Bezuidenhout, Milton & Earle<br>BLOEMFONTEIN |

/sp